SURICATA

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN HOËRSKOOL MONTANA

Tel: (023) 347-0476
Faks: (086 464 6983)
E-pos: hoof@monties.co.za
Webtuiste: www.monties.co.za
Facebook: Montie Montana

NUUSBRIEF 1 VAN 2019

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

GELUK

Met die oujaar so pas agter die rug, en die nuwe jaar wat voor ons uitstrek, is ons vol hoop en verwagting dat dit ‘n goeie jaar sal wees.

Sommige van ons wroeg nog oor verlede jaar se goed, het dalk nog onafgehandelde sake. Sommige van ons wonder of ons nie dinge dalk anders moes gedoen het nie.

Maar die jaar is finaal afgesluit, dit is verby, vir ewig en altyd. Niks wat ons doen kan enigiets in die verlede verander nie.

Die feit dat ons gespaar is, vandag nog hier is, gun ons die geleentheid op ‘n beter môre. Dalk is dit ‘n goeie idee om te besin oor die foute wat jy verlede jaar gemaak het en daarna te streef om hierdie jaar beter te vaar.

Begin elke dag reg, op jou knieë voor die Here. Plaas Hom in beheer van elke besluit en situasie.

Ons ontvang ‘n wonderlike belofte in Filippense 4:19: “*En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.”* Kom ons hou as skool vir 2019, aan hierdie belofte vas. Dit sal ook verseker dat die tema van die jaar “Leef jou Potensiaal” verwesenlik word.

Baie hartlik welkom terug aan elkeen van u, elke nuwe leerder en ouer asook al die ou staatmakers. Mag die nuwe jaar vir elkeen ‘n jaar van voorspoed en seën wees. Mag die vennootskap tussen leerder, onderwyser en ouer so sterk wees dat Hoërskool Montana ongekende hoogtes bereik.

In die besonder verwelkom ons die “Minderkatte” en hulle ouers. As personeel gaan ons ons beste doen om te verseker dat u kosbaarste juweel, die waardevolste juweel in die samelewing word. Mag u die verbintenis met Hoërskool Montana aangenaam en opbouend ervaar.

Die jaar het op ‘n hoogtepunt afgeskop met die 2018-matriekuitslae. Ons is baie trots op elke matrikulant van die 2018-klas en wil aan hulle baie geluk sê. Hulle het weer eens bewys dat “dit nie is hoe jy begin nie, maar eindig. Dit is ‘n behoefte om my dank teenoor ons hemelse Vader te betuig en alle eer aan Hom te gee. Baie dankie aan elke leerder vir hul toegewyde werk en vasbyt en vir u as ouer wat hulle ondersteun het. Ek wil egter ons onderwysers uitsonder vir al hul geduld, voorbereiding en harde werk, in soms ongunstige situasies. Ek salueer u! (*‘n Opsomming van die uitslae verskyn so bietjie verder aan*.)

Graag verwelkom ons die personeel wat by ons aangesluit het: mnr R du Toit (RTT), me I Janse van Rensburg (Rek), me I Lombard (VBS), me L Malherbe (Afr), me C Roets (Gesk), me N van de Merwe (Wisk) en me J Young (FW). Ons sien met groot opgewondenheid uit na u bydrae tot Hoërskool Montana en vertrou dat dit die begin van ‘n mooi en lang verbintenis met Hoërskool Montana is.

MATRIEKUITSLAE 2018

HOËRSKOOL MONTANA SE TROTS (NSS-2018)

73 leerders skryf NSS-eksamen

- 99% (72 leerders) - toelating tot studies aan tersiêre instellings
- 5 uit elke 6 (80%) - kwalifiseer om aan 'n universiteit te studeer met B-graad kwalifikasie
- 12,3% (9 leerders) – behaal A-gemiddeld en het oa. Wiskunde en Engels Huistaal as vakke geneem. (Die hoogste persentasie in Worcester)
- 83 A-vakgemiddeldes
- 103 B-vakgemiddeldes
- 66 van die 73 leerders slaag met meer as 50% gemiddeld
- Die vakgemiddeldes in 12 van die 18 vakke wat aangebied is, is hoër as 60%
- Afrikaans, Engels HT, en IT spog met vakgemiddeldes hoër as 70%
- Afrikaans HT eindig SESDE Nasionaal
- Engels HT eindig TWEEDE in die distrik, net na Bloemhof

FRANCOIS JACOBS
94,14%
9 A's wat AP Mathematics van IEB insluit

MIA JOUBERT
88,9%

BIANCA COETZEE
87,0%

JEAN ESTERHUYSE
85,5%

INGE FOURIE
81,9%

JUARNETT WEST
80,9%

JORÉ VAN WYK
80,6%

ANDRÉ VENTER
80,4%

LISE WHITEHEAD
80,1%

JUKSKEI

Ons wil hiermee die volgende leerders gelukwens met hul puik prestasies wat hul behaal het gedurende die SA Junior Kampioenskappe te Kroonstad.

O.19 Meisies: As lede van hierdie span behaal Carli Jacobs en Nikita Roberts 'n 2de plek in die Plaatafdeling. Carli verower ook 'n bronsmedalje in die dubbelsafdeling.

O.16 Meisies: As lede van hierdie span behaal Berna van der Walt en Mekyla Scholtz 'n 3de plek. Mekyla wen ook 'n goue medalje in die O.16 gemengde dubbelsafdeling. Sy word na afloop van die toets opgeneem in die SA O.16-meisiespan wat aan die Namibiese Ope Kampioenskappe gaan deelneem.

Berna van der Walt word ook opgeneem in die SA O.16 Meisiespan en word aangewys as speler van die wedstryd na afloop van 'n toets gespeel teen Namibië. Berna word dan ook gekies as lid van die SA O.19 meisietoerspan wat aan die Namibiese Ope Kampioenskappe gaan deelneem. Hulle gaan ook tweede speel in die reeks van IJF Toetse teen Namibië. **Berna** verwerf hiermee haar **Vol O.19 Protea Kleure**.

Baie geluk aan hierdie leerders, ons is voorwaar trotse Monties!!!

DIE BURGER JEURGLEIERSKONFERENSIE

Junné Pienaar is 2018 gekeur om hierdie uitsoekgeleentheid by te woon. Sy noem dat sy baie goed toegerus teruggekom het en dat sy uitsien na haar ampstermyn as hoofdogter.

ATKV-HOOFLEIERSKONFERENSIE

Baie dankie aan Thysman Serfontein, Junné Pienaar, Pierre le Roux en Salomé Smith vir die bywoning van hierdie geleentheid.

Dit was baie leersaam en goeie bande is met ander skole se VRL gebou.

NASIONALE "TRAILBLAZER MOVEMENT" JEUGKAMP

Angelika Lippert en Sune-Mari Koekemoer het 'n Nasionale Jeugkamp, wat deur die Departement van Sport en Ontspanning aangebied is, bygewoon. Gedurende hierdie kamp het Angelika die volgende prestasies behaal:

- Sertifikaat vir Beste Entrepeneur
- Sertifikaat vir Beste Spanspeler
- Trofee vir "Best Overall Performance"

Angelika is ook aangewys as die voorsitter van die Trailblazer Beweging in die Wes-Kaap.
Beide Angelika en Suné-Mari het ook sertifikate ontvang vir bywoning.
Baie geluk aan hierdie leerders met hul besonderse prestasie.

OUERVERGADERING

Baie dankie aan elke ouer wat moeite gedoen het om die ouervergaderings by te woon. Dit bevestig dat ons kan uitsien na 'n besondere jaar saam met u. Graag beklemtoon ons weer die volgende wat bespreek is:

- Teenwoordigheid en gedeeltelike afwesighede
- Leerder- en ouerbetrokkenheid
- Bywoning van oueraande
- Akademiese aksieplanne en interne slaagvereistes

OPKNAPPING VAN LOKALE

Die proses het Dinsdag 15 Januarie aanvang geneem. Tans is ons besig om eers een klaskamer volledig op te knap om te bepaal of alle komponente doeltreffend is en uitgawes geregverdig kan word. Daarna sal die proses volg met die ander klasse en laboratoriums. Ons rig 'n vriendelike versoek op u om gereeld die maandelikse bydra van R150 tot die ontwikkelingsfonds te maak, ter ondersteuning van die projek wat tot voordeel van al ons leerders is.

GHOLFDAG

Op **Vrydag 1 Februarie** hou Montana hul 9de gholfdag te Worcester Gholfbaan. Dit beloof om 'n onvergeetlike dag te wees met baie pret en pryse om te wen.

Om van hierdie dag 'n sukses te maak vra ons graag u ondersteuning met die volgende:

A) 4-bal inskrywing @ R600 per speler of R2400 per span.
B) Borg van 'n afslaanbof waar u u maatskappy kan adverteer d.m.v baniere, gazebo's ens @ R600.
C) Borg van 'n natgat waar iets ligs te ete en te drinke aangebied word.
D) Borg van pryse vir 'n 4-bal.

Kontak gerus vir mev Esterhuizen by die skool vir enige navrae.

KLEURE-ATLETIEK

Ons jaarlikse kleureatletiek vind plaas op Vrydag 25 Januarie vanaf 06:30 tot ±14:00. Hierdie is 'n gewone skooldag en dus verpligtend vir alle leerders.

Ons vra graag vir hulp van ons ouers om van hierdie dag 'n sukses te maak. Indien daar enige ouers is wat bereid is om as beampte op te tree tydens die dag kan u asb vir mnr Dawid Kruger by die skool kontak.

Ons wil ook graag vra vir enige gazebo's of groot sambrele wat ons kan gebruik vir skadu vir ons beamptes. Indien u bereid is om u gazebo te leen kan u ook asb met mnr Kruger kontak maak.

Kom ondersteun gerus u kinders gedurende hierdie opwindende geleentheid.

BUITESPORT

Enige uitslae van leerders wat aan buitesport deelneem, moet teen Sondae om 20:00 aan swartduplessis@gmail.com gestuur word.

MINDERKAT-KAMP 2019

Woensdag 9 Januarie 2019 vertrek die "minderkatte" na die kamp te Base Adventures. Met vrees in hulle harte en baie meerkat-moed word hulle deur die hoofleiers en die span onderwysers ingelei in die geheime kennis van hoe die hart van 'n ware Montie klop. Stilbly blyk 'n groot probleem te wees, maar aanhouer wen en uiteindelik verstaan die nuwe minderkatte die basiese reëls: respek vir jouself, mekaar, jou onderwyser en veral jou skool. Hulle leer wat van hulle verwag word, wat betrokkenheid en veral verantwoordelikheid is. Moeg en uitgeput na 'n lang nag van inoefening, voltooi die minderkatte die kamp deur die waardes, hulle dansie en die haka voor die skool te doen. WOW!

Baie dankie aan die gr 12-VRL en ons hoofleiers. Ook groot dank aan die onderwysers wat saam gaan kamp het: mee. Diedericks en Janse van Rensburg en mnre Boshoff en Le Roux.

Ons grootste dank gaan aan ons Hemelse Vader wat almal beskerm het en veilig bewaar het op die pad en by die kamp.

TOPTIEN AKADEMIESE UITSLAE – 2018

GRAAD 8		
1	Dané Saayman	89.8
2	Aamirah Isaacs	87.9
3	Zanoushca Le Grange	87.2
4	Anke Jonker	86.7
5	Edmare Fortuin	85.8
5	Lisa Nieuwoudt	85.8
6	Marli Serfontein	83.1
7	Kayla Walker	82.2
8	Arista Steenkamp	81.4
9	Matthew Ontong	80.3

GRAAD 9		
1	Hendré Jacobs	92.4
2	Aasiyah Isaacs	87.3
3	Roché Cupido	85.8
4	Chané Truter	84.6
5	Franké Cupido	83.6
6	Mari Giani	81.4
7	Zelmari Bredenkamp	78.4
8	Lucesta Kriel	77.8
9	Jaydon Soldaat	77.7
10	Clarissa Bezuidenhout	77.2

GRAAD 10		
1	Carli Jacobs	92.3
2	Chevonne Ashley	86.1
3	Talisa van Wyk	85.0
4	Niel Fourie	83.4
5	Martli Theron	79.3
6	Krislie Fourie	78.7
7	Mari van der Merwe	78.1
8	Cate-Lynne Smith	76.6
9	Zarinay Orton	75.9
10	Baredine Swanepoel	75.0

GRAAD 11		
1	Suné-Mari Koekemoer	91.4
2	Lezanne Louw	86.7
3	Pierre le Roux	86.6
4	Junné Pienaar	84.7
5	Mia Viljoen	83.4
6	Salomé Smith	77.4
7	Kyle Willemse	75.4
8	Mia Barnard	74.9
9	Janie Heyns	73.7
10	Aimée Beukes	71.9

GRAAD 12 A-KANDIDATE		
1	Francois Jacobs	94.1
2	Mia Joubert	88.9
3	Bianca Coetzee	87.0
4	Jean Esterhuyse	85.5
5	Inge Fourie	81.9
6	Juarnett West	80.9
7	Joré van Wyk	80.6
8	André Venter	80.4
9	Lise Whitehead	80.1

DAGBOEK: 21 JANUARIE – 3 FEBRUARIE

21 Jan: **Dag 3**
22 Jan: **Dag 4**
Krieket: Dogters
23 Jan: **Dag 5**
Krieket: O.19 T20 vs Worcester Gimnasium
24 Jan: **Dag 6**
Krieket: O.15
25 Jan: **Kleure-Atletiek**
Tennis: 1ste vs Montagu (weg)
2de vs Bredasdorp (weg)
26 Jan: **Toutrek**: Boys High
28 Jan: **Dag 1**
Toets 1
Swem: Inskrywings
Gholf: Worcester

29 Jan: **Dag 2**
Krieket: Dogters
30 Jan: **Dag 3**
Swem: Gala
31 Jan: **Dag** 4
Toets 2
Krieket: O.15
1 Feb: **Dag 5**
Montana Gholfdag
Tennis: 1ste vs Bredasdorp (tuis)
2de vs Charlie Hofmeyr (tuis)
Fietsry: SA XCO Cup
2 Feb: Krieket: O.19 vs Porterville
Toutrek: Helderberg
Fietsry: SA XCO Cup

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

"Wat verby is en wat voor ons lê, is klein
in vergelyking met die potensiaal binne ons."
Ralph Waldo Emerson

Geniet die naweek.

D J Diedericks
SKOOLHOOF